
# Nuuskrummels




Lourensrivier-Strand

Gelowegis. Inc.

# Alles word bepaal deur tyd en geleentheid



Dink 'n bietjie mooi oor hierdie volgende vraag, en laat jou gedagtes lank loop voordat jy dit antwoord vir jouself. Vra dit ook vir andere en kry 'n paar opinies.

Dink jy jy is 'n radiobeheerde karretjie en die Here het die stuur meganisme in sy hand? En stuur Hy jou elke oomblik van elke dag rond presies soos wat Hy wil?

As jy my opinie vra kan ek net sê ek weet nie. Soms ja en soms nee. Hierdie volgende teks het my al SO lank besig gehou. Lees dit rustig en dink diep daaroor.

*"Verder het ek in hierdie wêreld gesien: dit is nie die vinnigstes wat die reisies wen nie, nie die sterkstes wat die oorlog wen nie, nie dié met wysheid wat kos het nie, nie die verstandiges wat ryk word nie, nie dié met kennis met wie dit goed gaan nie. Alles word bepaal deur tyd en geleentheid."* (Pred. 9:11)

**Alles word bepaal deur tyd en geleentheid...**

Ek weet nie regtig wat om van hierdie laaste paar woorde te maak nie, maar ek het ál hierdie goed al gesien en ervaar in my lewe. Tydens diensplig het daar soms van die mees onwaarskynlike manne jou verstom met vasbyt. Maer, nie-atletiese manne wat net vir ewig kon aanhou, en dan ook die teendeel waar spiertiere net niks werd was nie. Ek het gesien hoe jong mense uit die wonderlikste huise kom, met die beste opvoeding denkbaar, maar net nooit uit die blokke kom nie en net 'n teleurstelling bly.

Ek het gesien hoe mense wat alles verloor het, op wonderbaarlike maniere hulle voete vind en tot groot hoogtes uitstyg. En die teendeel is waar, waar uiters begaafde mense net skielik in die "gutters" beland. Ek het gesien hoe mense hulle huwelike verwoes deur een ondeurdagte stap, terwyl hulle rolmodelle was in die samelewing.

**Alles word bepaal deur tyd en geleentheid...**

Jy kan op die verkeerde tyd op die verkeerde plek wees weet jy? Slegte goed tref goeie én slegte mense weet jy? Die mat kan eensklaps onder jou voete uitgeruk word, weet jy? Jy kanook dalk voel of die grootste ramp denkbaar jou getref het, en dan later jare prys jy die Here uit jou hart uit daarvoor, want die grootste wonderwerke denkbaar het voortgespruit uit dit. Ek kan persoonlik hiervan getuig. Alles bepaal deur tyd, plek en geleentheid.

Maar waar pas die Here in dit in? Ek weet nie altyd nie, maar alles hang nie nét van jou eie vermoëns af nie, "tyd en geleentheid" is deel van elke mens se lewe. Voorts is die lewe nie altyd regverdig nie, maar hier is iets om oor na te dink. As dit nou goed gaan, moenie dink dit gaan altyd goed gaan nie, maar nog meer, as dit nou sleg gaan, moenie dink dit gaan vir altyd sleg gaan nie.

**Tyd en geleentheid...**

Dank die Here vir elke geleentheid, al lyk dit ontydig, vra die Here om vir jou vrede te gee in elke omstandigheid. Moenie dink die Here hoor jou nie as jou gebede nie dadelik verhoor word nie, soms moet jy wag vir die regte geleentheid. Maar moet om vadersnaam nie op die stoel gaan sit en krepeer terwyl jy wag nie. Gaan voel aan elke deur wat toe is, dalk is daar een of meer wat nie gegrendel is nie. Soms moet jy 'n groot geloofstap neem, en weet dat die Here dít ook sal seën.

Dalk is jy nie die vinnigste nie, maar hou aan hardloop, miskien is jy nie die rykste nie, maar woeker met jou talente en maak die beste met wat jy het. Dalk is jy nie die slimste, mooiste, mees begaafde of die grootste uitblinker nie, maar gebruik elke geleentheid na die beste van jou vermoë.

Stap saam met die Here en vertrou Hom vir die regte "tyd en geleentheid" wat doelgemaak is vir jou.

~ Willem Botha - www. heuning.co.za

# Vier Seisoene

met kromgetrekte hande
wag sy met blokkieskombers
oor haar bene in winter kou
staar sy voor haar uit

met oë wagtend gerig op stofpad
elke beweging laat haar
oë opgewonde blink
verlangend opkyk na geslote hek

lente bring geure van bloeisels
blomme bring kleure
in haar tuintjie
vol verlange

reën het die somer aangekondig
lente is weg
voëltjies kwetter en sing
vir haar op haar bankie

steeds wag sy
met ineengetrekte hande
verlangende oë
op haar bankie in haar somerstuin.

blare verkleur na goud en bruin
bome verloor hul loof
om haar bankie
lê 'n mat van herfs blare

'n windjie waai 'n blaar
op haar verrimpelde hand
met teerheid vou sy hom toe
sluit sy vir oulaas haar oë

Geleen - Ans Botha






---

Ons nooi julle hartlik uit om saam met ons in gebed te tree voor die Eredien in die Gebedskamer. Elke Sondag 08:30 - 08:55

Lourensrivier-Strand



# VoedselFees



## SATERDAG 30 AUGUSTUS '25

2024 se **Voedselfees** was 'n *Reuse Sukses*, en die sukses word beslis toegeskryf aan elkeen se hulp en betrokkenheid, asook elkeen wat gehelp het met die vooraf reëlings en skenkings.

As jy op enige manier betrokke wil raak, hetsy hulp by die stalletijies of enigiets verwerk, kontak gerus vir een van die **Sameroepers** op die volgende bl se lys of skakel vir
**Apolonia-082 5077 091 of Annette-076 286 2052.**
As jy iets wil skenk en nie by die kerkantoor kan uitkom nie, skakel vir Bernice by 021 853 5991 vir alternatiewe reëlings.

**Ons benodig:**

Meel
Bakpoeier
Eiers
Olie
Suiker
Margarien
Jellie
Boksvla
Kondensmelk
Idealmelk
Versiersuiker
Kaas
Hoenderborsies
Wildsvleis
Lekkergoed
Tombolatafel items

**As jy produkte wil skenk:**

- Gee dit asb. af by die kerkkantoor tydens kantoorure.
- Sit dit Sondae voor/na die erediens in die houer in die voorportaal.
- As jy iets wil skenk en nie by die kerkantoor kan uitkom nie, skakel die kantoor.

**Kontant Skenkings:**

- EFT - Verwysing: Naam & Voedselfees.
- Koeverte is beskikbaar by die kerk-deure vir kontant skenkings.
- Betaal by kerkkantoor - kontant/kaart.

**Bankbesonderhede:**
Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)
Takkode: 334-312
Reknr.: 420 580 231
Verwysing: Naam & Voedselfees
e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

zapper
pay with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill



# VoedselFees



## SATERDAG 30 AUGUSTUS '25



- Ons kort 'n nuwe Sameroeper vir die jaar se "Cupcake" tafel, en
- ons soek asb. ook bakkers wat kan help met "Cupcakes" bak/skenk

*Skakel asb vir Gerda by 082 466 4766 as dit op jou hart lê om te help*



Vir gebak en hulp: Kontak Sameroepers asb - ons almal se hulp nodig!

**Voedselfees '25 - 30 Augustus 2025**

| | Stalletjies | Sameroepers | Kontaknommers | E-Posse |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Beskuit | Dorothea Schoeman | 084 5066 862 | |
| | | Elfie du Toit | 073 375 6727 / 021 850 8080 | edutoit3@gmail.com |
| 2 | Koffie | Linda Smit | 065 809 6379 | lindasmith00@gmail.com |
| 3 | Melktert, Koeksisters | Hettie Potgieter | 082 899 7344 | hcpot60@gmail.com |
| | Quiche | Leanda Pienaar | 082735 9137 | leandapienaar@yahoo.com |
| 4 | Kaaskoek en Suurlemoentert | Jeanne Botha | 076 153 9805 | ian.jeanne@hotmail.com |
| 5 | Kleinkoekies | Saloom Botha | 072 170 3762 | antonsalome@gmail.com |
| 6 | Kindertafel | Retha le Roux | 072 510 8808 | rethaleroux5@gmail.com |
| 7 | Koeldrank | Ingeborg de Kock | 072 235 3716 | ingeborg@gusstoday.com |
| 8 | Kolwyntjies | Gerda de Villiers | 082 466 4766 | jh.ngdevilliers@gmail.com |
| 9 | Muffins | Febé Smith | 079 887 1306 | febevn@gmail.com |
| | Skons | Sonja Strydom | 076 353 6329 | allegrohuis@gmail.com |
| 10 | Pannekoek | Amanda Slabber | 082 586 9519 / 021 854 8189 | |
| 11 | Tee | Elmarie Marnewicke | 083 462 0950 | emarnewicke63@gmail.com |
| 12 | Hamburgers en Chips | Suzaan Pretorius | 082 850 9642 | suzaanpretorius1@gmail.com |
| 13 | Vetkoeke | Gail Fourie | 083 789 2190 | fouriegf@gmail.com |
| | | Mariaan Hanekom | 083 603 1025 / 021 850 8024 | mymasekind@yahoo.com |
| 14 | Jaffels | Suzette Groenewald | 072 211 8071 | hensuzy@gmail.com |
| 15 | Die Spens | Jolize Voges | 082 446 9260 | jolize704@telkomsa.net |
| | | Lizel Huisman | 082 845 8238 | lizel.lego@megastuff.co.za |
| 16 | Poeding (koud en warm) | Suzette de Lange | 083 452 6846 / 021 853 3577 | zetdel@xsinet.co.za |
| 17 | Potjiekos | Karen Carstens | 082 563 9506 | karen@atstransport.co.za |
| 18 | Kindervermaak | Karin Kuys | 083 643 0653 | karinkuys@gmail.com |
| 19 | Plante | Mariana Struwig | 084 581 1556 | struwig@absamail.co.za |
| 20 | Boereworsrolle | Nic Huisman | 082 552 2423 | nic@w-architects.co.za |
| | Organiseerders: Stalletjies | Apolonia Maritz | 082 507 7091 / 021 853 7560 | appelsm49@gmail.com |
| | | Annette Verwey | 076 286 2052 | hannes.annette@gmail.com |

# Voorbidding

**Voorbidding vir Ds. Derick vir die Sondagboodskap**

**Voorbidding:**
Dirk Verdoes
Louw Geldenhuys
Helena Kritzinger
Deon Dixon
Gideon Thiart
Marie Roux

Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.

Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.

Bid ook vir die haweloses.

## 2025 Ons Dagboek

- **27 Augustus** — **Snuffelmark**
- **9 Augustus** — **Vrouedag**
- **30 Augustus** — **Voedselfees**



# DieKosKas

**Wil jy graag vir die Koskas ietsie koop maar is nie altyd seker wat om te koop nie?**
**Hier is 'n lysie van produkte wat ons gereeld benodig**

- **DRINKGOED:** Koffie, Tee, Oros
- **PAP:** Oats, Mieliepap
- **SOP:** Cup O' Soup, *Sopmengsel in glasbottels -resep* →
- **PASTA:** Macaroni, Spaghetti, Rys, 2-Min Noodles
- **BLIKKIESKOS:** Alle soorte is welkom!
- **SPESERYE:** Sout. Peper, Pakkies Speserye
- **TOILETWARE:** Shampoe, Seep, Tandepaste, Tandeborsel, Waslap, Tissues,
- **LEKKERNYE:** Pakkie koekies, lekkertjies


***Sopmengsel in Glasbottel - Bestanddele:***
*½ k Pasta - klein :shell pasta"l*
*1½ k Soup mengsel - 4in1*
*½ k Lentils*
*1 tlp "Stock" blokkie/poeier - groente of hoender*
*1 pakkie Soppoeier - Bruin Uie of Hoendersop*
***Instruksies:***
*Pak die bestanddele in verskillende lae*
*Begin met die Sopmengsel, Pakkie Soppoeier, pasta, lentils en "stock blokkie/poeier.*
*Vul die hoeuer met die oorblywende Sopmengsel*

*Maak die houer toe - versier die houer met 'n lint om die nek van die bottel. Lewer af by die Kerkkantoor*



## *Verhuis julle na 'n ander dorp?*

*Ons wil graag as Gemeente kan totsiens sê aan julle.*
*Skakel die Kerkkantoor en laat ons asb. weet.*



# Huis Jan Swart

Ons verkoop weer op **Vrydag 1 Augustus '25,** 08:00 - 10:00
Tweedehandse klere teen 'n absolute winskopie!

Dan verkoop ons ook:

Boereworsrol @ R30-00 elk (met tamatie- en uiesmoor as u sou verkies)
Slaptjips @ R25-00 | Braaibroodjie @ R20-00.

Vir die kossies moet u asb. vooraf bestel teen 30 Julie '25 sodat ons ons getalle kan regkry.
*Hoop om julle hier te sien!*




# HELDERBERG SENIORKLUB



BYEENKOMS: Dinsdag 12 Augustus '25
PLEK: NG Kerk Lourensrivier, Jenningsstraat, Strand
TYD: 09:00 Tee en verversings
09:30 Samesang en program
TEE: Lede: R10-00
Besoekers: R20-00
SPREKER: Ds Willem Botes
Hy kom met ons gesels oor sy tyd wat hy werksaam was in Decoligny
Ons nooi alle afgetredenes hartlik uit na ons byeenkoms.
Almal baie welkom!
Navrae:
Apolonia Maritz – 021-853 7560 / 082 5077 091

---



## Die BERG- EN SEEKLUB VIR SENIORS



kom op Donderdag 7 Augustus '25 om 09:50 by die
NG Moederkerk in Andries Pretoriusstraat in Somerset-Wes bymekaar.
Dr Willem Botha van WAT kom gesels met ons oor "Afrikaans 100".
Elsa Janse van Rensburg sal ook 'n gedig voordra.
Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee of koffie, verversings en goeie geselskap vanaf 09h:15.
Almal welkom. Lede: R20/Besoekers: R30
Vir meer inligting skakel gerus vir: Naas du Preez | 082 804 1729 | E-pos: ndupreez022@telkomsa.net

# Lifeline Jeug




Ons nooi **alle Hoërskool lede** uit na ons eerste Sondag vir die 3de kwartaal. Ons kom bymekaar vanaf 17:30 tot 19:00 by NGK Lourensrivier Gemeente

Dit was 'n lang breuk, en ek hoop almal het die vakansie geniet.

Ons klim weer in die Evangelie van Markus en kyk na die temas wat Markus vir ons uitwys. Ons daag julle uit om julself te verfris met die begin van Markus en te fokus op hoe die skrywer baie duidelik en met aandag aan ons, die lesers, probeer uit wys wie Jesus is.

**Markus 1:1** DIE begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God.

Jesus was nie net 'n profeet nie, of 'n goeie leraar nie, Hy was (en is nog altyd) ons Here.




**Hoërskool leerders:**
Sondae 17:30 - 19:00 by die kerk, of soos gereël met Attie. Ons gaan weer lekker “Social, Praise & Worship” en dan in ons klasse inbeweeg.

**Belydenisklas:**
Ons kom Sondae om 17:30 by die kerk bymekaar. Graad 11’s en ouer, wat nog voorgestel moet word is baie welkom om by ons aan te sluit.



Lourensrivier-Strand

# Dinamiet Kiedz en Beloftelanders

**Voorskool & Laerskool, elke Sondag 09:00 tot 10:30 tydens skoolkwartale.**
**Navrae: Karin 083 643 0653**
**Ons kom eers almal in die kerk bymekaar en sal dan verdaag word na die saal**

## Welkom by die 3de kwartaal

**Ons hoop julle het elkeen heerlik uitgerus gedrurende die vakansie? Ons het 'n propvol program vir die 3de kwartaal uitgewerk en is baie opgewonde om dit saam met julle te deel**

## Program

27 Jul - Les 13
3 Aug - Les 14
10 Aug - Les 15
17 Aug - Les16
24 Aug - Les 17
31 Aug - Les 18
7 Sept - Les 19
14 Sept - Les 20
21 Sept - Les 21
28 Sept - Les 23 / Nagmaal met ouers

## Dinamiet Kiedz (gr 1-6)

Ons bring graag die Evangelie aan die kinders, help hulle om geestelik te groei en moedig hulle aan om die Goeie Nuus met ander te deel deur persoonlike getuienis & dienslewering tydens uitreike na ouetehuise, skole, ens.
Dan is daar natuurlik Gemeente Pieknieks, Kampe, Ken-mekaar braaie met die ouers en nog baie heerlike projekte.
Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653

## Tienerkerk (gr7)

Lesse wat kinders help om getuies te wees tot in die uithoeke van die wêreld. Die kinders gaan op 'n leersame en opwindende reis om meer oor dissipelskap te leer.
Ons kom elke Sondag vanaf 09:00 tot 10:30 in "Die Gat" (vertrek onder verhoog) bymekaar.
Vir meer inligting, skakel gerus vir
Liesbet @ 073 630 0268

## Beloftelanders (voorskool)


Tydens die kerkdiens: (09h00 - 10h30). Alle kinders tussen 3-6 jaar is welkom
Ons verkondig die Evangelie d.m.v. Odos, CEF en Kidz Express se materiaal.
Al ons lessies word prakties gedoen, ons speel lekker en vier ook ons verjaarsdae saam;
Ons nooi alle mammas en pappas om ons klasleier een Sondag per kwartaal te kom help met die aanbied van die Sondagklassies.
Vir navrae kontak: Karin Kuys @ 083 643 0653

Lourensrivier-Strand

VirDieKleinspan

# DIE *boeke* VAN DIE BYBEL

Voltooi dié blokkiesraaisel oor die boeke van die Bybel.




## DWARS

4. DIÉ BOEK WORD GENOEM KLAAGLIEDERE VAN …
7. EEN VAN DIE VIER EVANGELIES
8. SESDE BOEK IN DIE NUWE TESTAMENT
9. EERSTE BOEK VAN DIE NUWE TESTAMENT

## AF

1. BOEK WAT ONS SING
2. DIE OPENBARING AAN …
3. … VAN SALOMO
5. BOEK WAARIN DIE TIEN GEBOOIE STAAN
6. ENIGSTE BOEK WAT MET 'N A BEGIN
9. LAASTE BOEK IN DIE OU TESTAMENT

# Huis Jan Swart

is 'n nie-winsgewende Tehuis vir Ouer Persone in die Strand, Wes-Kaap, sedert 1962. Ons inwoners is besig met 'n Tuinprojek,as deel van aktiewe veroudering, en benodig u hulp in die vorm van donasies / skenkings om die tuin 'n nuwe baadjie te gee. Volgens studies rapporteer ouer volwassenes, met toegang tot sulke tuine, laer vlakke van depressie, verbeterde mobiliteit en hoër lewensbevrediging. Selfs passiewe betrokkenheid soos;
om uit 'n slaapkamer venster op 'n blomtuin uit te kyk, kan stres verminder en emosionele gesondheid verbeter.



Ons visie vir die 'nuwe' tuin sluit in:

- Skaduryke sit-areas vir lees en gesels
- Blombeddings met sensoriese plante soos laventel en roosmaryn
- Bestaande paadjies vir wandelings wat selfs rolstoel-vriendelik is, op te knap
- Addisionele voëlvoerders en rustige waterfonteine (water is lewe)

Met die ondersteuning van ruimhartige borge soos u, kan ons nie net plante kweek nie, maar ook vreugde, waardig- heid en rustigheid aan ons Ouer Persone bied. Ons doen 'n nederige beroep op u om deel te word van **Huis Jan Swart** se Tuinprojek, as 'n borg. Sien asb die wenslys van moontlike bydraes tot hierdie projek, met die top 15 as prioriteit. Ons beoog om in September 2025 met 'n lente/somer aanplanting te begin.
Indien u belangstel om betrokke te raak, kontak ons gerus by **021 854 3763** of stuur 'n epos aan: **bestuurder@huisjs.co.za.**

## **Behoeftelys vir Tuinprojek** (geprioritiseer vir Lente / Somer)

Belaperone Guttata (Garnaalplant)
Belaperone Chanteril (Garnaalplant)
Brunfelsia Calycina (Yesterday, Today & Tomorrow)
Crossandra (Firecracker Flower)
Kerria Japonica (Jew's Mallow)
Calliandra Selloi (Calliandra)
Justica Carnea (Jacobinia)
Felicia Amelloides (Blou Madeliefie)
Philadelphus Coronarius (Boerejasmyn)
Spiraea Cantoniensis (Kaapse Mei)
Cassia Corymbosa (Herfskassie)
Phygelius Capensis (Kaapse Foksia)
Plectranthus Fruticosus (Pienk Spoorblom)
Azalea Kurume Asaleas (Asalea)
Aster Filifolius (Draaibossie / Wilde Aster)
Euphorbia Venata (Spurge)
Skimmia Reevesiana (Japanse Skimmia)
Dichorisandra Thyrsiflora (Dichorisandra)
Gardenia Jasminoides (Katjiepiering)
Acer Dissectum Atropurpureum (Esdoring / Mapel)
Bambusa Multiplex (Bamboes)
Hydrangea (Krismisroos)
Impatiens (Balseminie)
Mackaya Bella (Mackaya)
Pierris Formosa / Forestii (Rooiblaar / Perelblom)
Kompos, Beenmeel, Grond



SHOP LOCAL

# ONDERSTEUN asb. PLAASLIK voordat daar niks meer PLAASLIK is om te ondersteun nie.

MSA
MARIUS STENEKAMP
ATTORNEYS

Unit 2, Little Greece
George Str, Strand
P.O. Box 1170, Strand, 7139
Tel: 021 837 1235/6
Fax: 086 274 2003
Cell: 084 448 4429
marius@stenekamp.co.za
www.stenekamp.co.za

**Secure SE**
FIRM. FIXED. SAFE
Secure SE Pty Ltd
Reg.no. 2019/270620/07 | PSIRA no. 4606196
stephan@securese.co.za
**084 499 5858**
www.securese.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**Flaméros** ®
CHICKEN GRILL
187 Main Road, Strand
021 854 7774

**Het jy hulp nodig om finansiële sekerheid te kry?**
Sanlam

Willie Fourie
Senior Finansiële Beplanner
021 853 2179
082 468 1099
admin@arcani.co.za

Ek kan hiermee help:
- Finansiële beplanning
- Lewensdekking
- Ongeskiktheidsdekking
- Spaar en beleggings
- Aftreebeplanning
- Spaar vir opvoeding

**HBP**
HELDERBERG BUILD & PAINT
STUART JACKSON
082 872 6830 info@hbpconstruction.co.za
www.hbpconstruction.co.za

**CAM LIVE VISION**
FOR ALL YOUR MONITORING AND SECURITY NEEDS
Cam Live Vistion Pty Ltd
Reg.no. 2010/003490/07 | PSIRA no. 2185751
info@camlivevision.co.za
**021 851 6023**
www.camlivevision.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**VOLANTRA ORBITAL**
The power to protect
Volantra Orbital Pty Ltd
Reg.no. 2014/183888/07 | PSIRA no. 2707006
info@volantra.co.za
**021 851 6023**
www.volantraorbital.co.za
Jeremiah 29:11 & Esther 4:14

**FTH ACCOUNTANTS**
The name you can ACCOUNT on

Floris Ter Haar
Professional Accountant (SA)

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF PROFESSIONAL ACCOUNTANTS

Tel: 021 853 4266
Cell: 082 741 7076
Fax: 088 021 854 5741
E-mail: floris@fthacc.co.za

20 Conradie Street
Strand, 7140
Skype: fterhaar

**BeMyDollie**
Popklere Doll Clothes
100% Homemade with Love
079 526 5342 @bmdollies

Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)

Takkode: 334-312

Reknr.: 420 580 231

Verwysing: naam en van

e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**

Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**

Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**

Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**

Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**

Predikant: Ds. Derick Boonzaaier

derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**

Maandae: 09:00 - 14:00

Maandae - Donderdae: 08:00 -14:00

Vrydae: 08:00 -13:00

Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**

Maandae: 09:00 -12:30

Dinsdae - Vrydae: 08:00 -12:30

Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG,** vul dit ook in die boekie in.

Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za

Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

:

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie

***Lourensrivier-WhatsApp Groep***

Stuur 'n WhatsApp met jou naam na

Ds. Derick: 082 333 6012 of

Lémari: 082 692 9086

as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand